

Om te luister, is heilsaam

Om na die Here se stem in Skriftuur en natuur te luister met ag slaan daarop, is heilsaam (vs 9). Drie keer meld Miga in hierdie sesde optrede dit. Selfs met heilige pleit: “Hoor tog wat die Here sê.” Die byna ongewone is dat die aarde en hemele opgeroep word toe die verbondsvolk nie wou gehoor gee nie. En tog, as ons dieper kyk, is dit nie so ongewoon nie, maar ’n reël in die Here se onderhouding en regering. Hiervan is die sondvloed ’n skrikwekkende getuie. Miga roep die aarde, heuwels en ondaardse grondslae op. Jesaja wat in dieselfde tyd opgetree het voeg die hemele by.

Dit is die bronne waaruit die mens lewe wat hier bedoel word. Die weivelde, saailande, waterbronne en die lugruim. Alles in die stoflike skepping word opgeroep om betrokke te wees by die twis en regsak wat die Verbondsgod met die uitverkore geslagte het. Hulle is horende doof. Hoor, maar slaan nie ag op die sonde-aanklagte (Miga 1, 2, 3 en 7) nie, en ook nie op die soetste belofte van die koms van die beloofde Messias wat in Betlehem gebore gaan word nie.

Nou word die aarde en hemel met goddelike erns gevra om te luister. Is dit nie maar net beeldspraak of ’n gelykenis nie? Nee, werklikheid, hoe die Here dikwels optree. Die aarde en hemel kan met die daad (strafdaad) luister. Tydens die Fariseërs se twis met Christus het Hy onder andere hiervan melding gemaak. “Ek sê vir julle, as hulle (sy dissipels) swyg (oor die hemelse Koningskap), sal die klippe dit uitroep” (Luk 19:40). En tydens Christus se kruisiging en opstanding het die aarde en hemel ook luisterend gehoorsaam met die sonsverduistering en aardbewing. In Miga se dae het die hemel en aarde ook na die Here se bevele geluister en die vonnis na die regseding uitgevoer. “So slaan Ek jou dan met ’n smartlike wond” (Miga 6:13).

Droogte, misoeste, oorlogsgevaar, tekorte, moeite en verdriet (vs 15, 16). Verskriklik wanneer die stoflike skepping opgeroep word om af te wyk van sy eeue-oue wetmatigheid en tog gehoorsaam, om die mens wat ongehoorsaam is, te tugtig: Droewig, die Skepper tot hartseer, die mens tot oneer. Hoe seënryk wanneer die aarde en hemel natuurwetmatig luister, sy vrugte gee en bronne aan die mens oopmaak.

Die skepping is in sy geheel in sugte onder die druk van die sondeskuld, maar ook saam in die hoop op die vrymaking tot vernuwing deur Christus. Albei moet luister na die Skepper daarvan. Hoe opmerklik is dit nie. In sy laaste skrywe uit die hemel aan sy kerke op aarde, beveel die Skepper en Herskepper juis dit: “Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê” (Openb 2, 3). Die allerlaaste oproep om te luister is so belangrik – aan alle aardbewoners. Want Hy spreek in die laaste bedeling (ons tye) volgens sy woord ook deur die aarde, see en lugruim in luide taal met skokkende gebeurtenisse. Luister is so heilsaam.

Sing: Psalm 89:6,12, 13 (1936); Skrifberyming: 34:1